Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Lewe in ooreenstemming met die evangelie van Christus. Fil. 1:27

26 Januarie 2025

2025 Bedieningstema en bedieningsdoelwitte:

Lewe in ooreenstemming met die evangelie van Christus. Fil. 1:27

Ons neem vanjaar hierdie woorde as ons oorhoofse tema en begin vandag om vanuit hierdie teks die Woordbediening so te rig dat ons as gemeente vanjaar die **volgende 3 doelwitte** kan bereik:

1. Om elke lidmaat **te betrek by God se werk** – om God se werk: die evangelie van Christus in sy volle rykdom en diepe betekenis te bedien.

2. Om elke lidmaat **toe te rus om God se werk te doen** – toerusting sodat ons "in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie en nie deur teenstaanders laat afskrik nie".

3. Om elke lidmaat **aan die werk te kry** – betrokke en besig met God se werk – God het ons die voorreg gegee om Hom te dien, maar ook om vir Hom te ly.

09:30 OGGENDDIENS: Ds Piet Venter

Ons lei hierdie tema vanoggend in deur die fokus te plaas op wat dit beteken om te glo in die evangelie van Christus - veral watter hoë eis dit ook aan ons lewens stel.

Die stad Phillipi in Griekeland was 'n Romeinse kolonie. Dit het beteken dat die inwoners van die stad aanspraak kon maak op Romeinse burgerskap. Om in daardie tyd Romeinse burgerskap te hê, het geweldige voordele ingehou maar ook groot eise gestel aan diegene wat daarop aanspraak maak.

Paulus het die gemeente tydens sy tweede sendingreis geplant (Handelinge 16) en weer tydens sy derde sendingreis besoek. Tydens sy eerse besoek het die saak van Romeinse burgerskap 'n belangrike rol gespeel en Paulus gebruik die metafoor van Romeinse burgerskap - wat vir die mense in Phillipi 'n saak van eer was - was om hulle lewe as gelowiges te beskryf.

Net so hoog as wat hulle hul Romeinse burgerskap geag het en daarvolgens wou lewe, des te meer moet hulle hul hemelse burgerskap ag en in ooreenstemming daarmee lewe. Die evangelie van Christus beteken immers dat jy uit genade gered is!

Christus het aan jou hemelse burgerskap gegee en nou moet jy volgens die eise van sy evangelie lewe.

Tema: Lewe waardig (in ooreenstemming met) jou hemelse burgerskap.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 203: 1, 2, 3; Lied 215: 1, 2, 5 en
Sb. 1-2: 1, 2.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Sb. 1-3: 1, 3 (op die mel van Ps. 128) Votum; Seën; Loflied:Sb. 1-10: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis uit HK Sondag 11 en 12.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Matteus 22: 34 - 40; Sing Lied 334: 1, 2, 3, 4; Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Filippense 1: 27 - 30 en
Fil. 3: 17 - 4:1
Teksverse: Fil. 1: 27
Sing Ps. 96-2: 1, 2, 3; Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Sing Sb. 3-4: 1, 5; Seën; Amenlied: Sb. 13-1.

GROEPBEDIENING

Soos gereël in groepe - gespreksriglyne is beskikbaar gestel.

🙏 Januarie 2025🙏

Filippense 1:27: *"Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie."*

Paulus is baie bly die gelowiges in Filippi het die evangelie lief. Paulus sê hulle moet die evangelie uitleef.

Hoe leef hulle dit uit?
Hy gee 'n patroon: julle en daarom ons moet Christus se gesindheid navolg (Fil. 2:5). Christus het Homself verneder, Sy Vader het Hom gevra om ander klere aan te trek, die klere van 'n mens, 'n bediende. Hy verneder Homself nog meer deur te sterf aan 'n kruis. Dan verheerlik God Hom.

Sy gesindheid is dit: Wie homself verneder sal verhoog word!
Dit is die patroon waarvolgens ons moet werk: wees nederig! Christus het ALLES in ons/my plek gedoen. Ons is seker van die ewige lewe. Hy werk nou nog in my om my gereed te kry vir Sy koms. En Hy gebruik my. Ek moet saamwerk in my eie voorbereiding (Sy Woord goed leer ken, Sy Woord lees, luister na preke, podcasts, kleingroep bybelstudie, voortdurend bid).

Die patroon is: verneder jouself/myself. Ek moet 'n ander altyd hoër ag as myself.

Ek mag nie met gevoude arms sit nie. Werk volgens Christus se patroon. Dien God, dien jou naaste in nederigheid - by die skool, universiteit, die kerk, by jou werkplek, waar jy speel of ontspan en waar jy kuier. God sal jou op Sy tyd verhoog.

Bid: Here, ek bid dat U my help om U Seun, Jesus Christus, se patroon van diens na te volg. Lei my om U in alles eerste te stel en om my naaste in nederigheid te dien, of dit by die skool, universiteit, werkplek, in my gemeente, ontspanningsplekke of in geselskap met ander is. Help my om U liefde en genade uit te leef waar ek ook al gaan, sodat U Naam verheerlik kan word. Gee my die geloof en geduld om te vertrou

dat U my op U tyd sal verhoog, volgens U wil en plan. Amen.

Oorsig: Filippense – https://bibleproject.com/Afrikaans/

MEELEWING

- Gretha Heckroodt het baie verswak en ons bid haar en Heleen Kruger die bystand van die Here toe. Gretha sal waarskynlik hierdie week in Ons Hulde opgeneem word.
- Veronica van Wyk het geval en ‘n rugwerwel gebreek. Sy ondergaan more ‘n operasie in Medikliniek.
- Nichelle Alberts het ‘n ooroperasie ondergaan.
- Evelyn Schutte se kleindogter Ade-line du Preez, ly aan ‘n seldsame bloedsiekte wat maak dat sy maklik bloei en sy moet baie duur intensiewe behandeling ontvang om hierdie lewensgevaarlike toestand te behandel. Indien iemand dalk ‘n bydrae tot die behandeling wil maak, gaan na www.backabuddy.co.za/campaign/helping-ade-line.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

ONS GROET

- Dirkie en Johanna Venter vertrek met attestaat na GK Klerksdorp.
- Annatjie Truter vertrek met attestaat na GK Die Strand.
- AJ en Carma van Niekerk vertrek met bewys van lidmaatskap na Australië.
- Velize de Bruyn wat met reisattestaat vertrek. Sy gaan in Bloemfontein verder studeer.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 1
Tee en Koffie
Kleingroepbediening

Maandag
17:00 Gholfdag
18:00 Jeugdg
19:00 Bestuursdg

Dinsdag
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
17:00 Eiendomme diensgroep vergader
18:00 Groepsusters
Geen katkisasie vir Gr 8 - 10

Woensdag
17:45 Naskoolse jongmense en studente Bybelstudie
18:00 Gr. 11 Katkisasie

Donderdag
Kerklike bydraevorms en beloftevorms na ouderlinge
17:15 vir 17:30 “Griefshare” (Konsistorie)
18:00 Belydenisklas - Gr 12 Katkisasie

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Dankbaarheidsfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 19 en 21.

2025 KALENDER

Ons 2025 Kalender is beskikbaar vir elke gesin. Onthou dat jy ook elektronies toegang tot die Kalender kan kry om dit met jou persoonlike kalender te integreer. Stuur net ‘n e-pos aan die kerkkantoor. Baie dankie aan aan Marike Grobler (née Venter) vir die kopstukontwerp wat ons jaartema baie mooi illustreer.

NASKOOLSE JONG WERKENDES EN STUDENTE: BYBELSTUDIE

Ons nooi al ons jong werkende lidmate en studente uit om elke Woensdagaand 17:45 in Elim saam te kom kuier rondom die Woord van die Here. Zanro de Beer neem vanjaar die leiding en ons glo julle sal almal saam groei in onderlinge liefde en geloof.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Maandag, 27 Januarie
Br Roelf de Bruyn
Br Henrico Heystek
Sr Marthie vd Walt *
Sr Mia v Jaarsveld

Dinsdag, 28 Januarie
Sr Marelise de Beer
Br Frans Venter

Woensdag, 29 Januarie
Br Gideon Coetzee
Jsr Emma de Villiers
Jsr Minè Kloppers

Donderdag, 30 Januarie
Br Zanro de Beer
Sr Estia Joubert
Sr Ina Potgieter *

Vrydag, 31 Januarie
Br Marinus Lazenby

Saterdag, 1 Februarie
Br Eric Aspeling *
Sr Maria Pretorius

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

GHOLFDAG: 21 FEBRUARIE

Ons nooi u om betrokke te raak by ons gholfdag hierdie jaar! Enige hulp, borge, bydrae of deelname sal baie waardeer word!

- 4 bal Kostes R2000-00
- Putjie-borg R 750-00 / drinkgoed

Ons beloof genoegsame blootstelling aan ons borge, sodat ons spelers en gemeentelede aangemoedig word om u besigheid te ondersteun.

Gholfdagreëlings:

- Datum: 21 Februarie 2025
- Tyd: 10:30 “Shotgun start”
- Plek: Potchefstroomse Buiteklub
- Formaat: “Better Ball Scramble drive”
- Pryse: Baie groot vleispryse en meer
- “ALLOWANCE”: GEEN

Vir enige navrae kontak gerus ons gholf-organiseerders:
Ryan Bezuidenhout – 082 464 6310
Walter Plotz – 083 487 7497
Nicolaas Erasmus – 074 671 6932

JEUGBEDIENING: RAAK BETROKKE!

Om met ons kinders en jongmense betrokke te wees is van die lekkerste bedieningswerk wat ‘n mens kan doen! Ons nooi graag enige lidmaat uit om deel te word van die Jeugbediening in die gemeente. Om betrokke te wees by die beplanning en aanbieding van al ons jeugbyeenkomste en aktiwiteite. Praat met ds Piet indien jy wil help.

2025 KATKISASIEBOEK-PRYSE, KATEGETE EN KATKISASIELOKALE

Boekpryse:
Gr. 1, 2 en 3 = R130 per kind
Gr 4 tot 11 = R65 per kind

Kategete en lokale:

GR 1: Naetta v Zyl (082 781 1167)
Regs voor preekstoel

GR 2: Johan van Rooyen (072 699 4325)
Groot moederskamer

GR 3: Anneke Steenkamp (082 856 6278)
Elim

GR 4: Christa v Zyl (082 947 3033)
Lokaal (2) middel

GR 5: Surina du Plessis (072 566 9977)
Lokaal (3) langs kerkkantoor

GR 6: Leonard Haasbroek (082 545 4321)
Lokaal (1) Verste v kerkkantoor

GR 7: Chris Storm (084 582 3379)
Klein moederskamer

GR 8: Hendrik vd Walt (079 022 2526)
Vleissaal: agter

GR 9: Cindy du Plessis (082 255 2484)
Links voor preekstoel/ of gang

GR 10: Paul Smit (082 568 0047)
Konsistorie

GR 11: Johan Bezuidenhout (067 155 1755)
Vleissaal: voor

HULPKATEGEET: Marnel Forster (079 082 1446)

KLEUTERBEDIENING: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

Ons is baie dankbaar vir ons Kategete wat vanjaar weer die katkisasie-onderrig van ons kinders gaan waarneem. Ons waardeer julle toewyding en ons bid julle die seën van die Here toe in elke klas. Ons ouers moet egter toesien dat dat die katkisante voorbereid klas toe kom deur die lesse tuis deeglik voor te berei.

Let ook op dat daar bv. oor langnaweke “Eie Katkisasie” op die Kalender aangedui word, waar ouers self die lesse afhandel omdat daar nie op die besondere Sondag klas gaan wees nie.

KENELKANDER

(Nederlands vir “ken mekaar”)

Ons is besig met die samestelling van ons gemeente se inligtingsboekie, Die Kenelkander 2025. Skryf asb u naam op die bestellys in die voorportaal van die Skuur indien u ‘n harde kopië wil hê. Dit is ook elektronies beskikbaar.

Onthou ook asb om u persoonlike inligting wat verander het, aan die kerkkantoor deur te gee. Ons het ook BORGE nodig om die drukkoste so laag moontlik te hou. Enige iemand wat bereid is om as borg op te tree, kan met Adele gesels.

KENNISGEWINGBORD

- 2 X Vakatures: Huis Eikelaan

GKSA NUUS

Beroep ontvang
Ds MD (Dirk) Meijer van GK Bloemburg na GK Potgietersrus.

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Marna Naudé en groep 19, asook Lana Laufs en groep 28.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

SUSTERSLEIERSKORPS

Baie dankie Ment Larney (Sustersbestuur), Christa van der Walt, Marie du Plessis, Marijke Faught en Roma Visser (Groepsusters) wat diensbaar was as leiers van ons susters. Meeste van die dames was vir baie jare betrokke. Ons waardeer julle toewyding opreg en gun julle die ruskansie.

Baie welkom aan ons nuwe susters:
Riekie Storm (blokleier C), Harriët v Rooyen (groepsuster groep 12), Tineke v Rooyen (groepsuster groep 26), asook Tooitjie Niemand (groepsuster groep 30). Anneke Steenkamp skuif as groepsuster na groep 6.
Ons sien baie daarna uit om julle almal deel van die span te hê!

SUSTERSAAMTREK

Gereformeerde Kerk, Koster, se susters nooi ons na hierdie jaar se Sustersaamtrek, Saterdag 8 Maart, te GK Koster.
Ontvangs en koffie: 08:45 - 09:30
Kostes: R130 p/p
Spreker: Estè Geldenhuys “Jy is ‘n lewende brief”
RSVP teen 28 Februarie - besprekingslys in voorportaal van die Skuur.

KWARTAALPROGRAM

EERSTE KWARTAAL				
DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
22-Jan	Woensdag	18:00	Bestuur	Sustersbestuursvergadering
28-Jan	Dinsdag	18:00	Groepsusters	Groepsustersvergadering
18-Feb	Dinsdag	18:30	A	Sustersamekoms
1 Maart	Saterdag		Bestuur	Gemeente-leier funksie
7 Maart	Vrydag	17:00 - 18:00	D	Wegneemetes
8 Maart	Saterdag	08:00	Lys van susters	Sustersaamtrek: GK Koster
9 Maart	Sondag	09:30	Alle susters	Belydenisaflegging
9 Maart	Sondag	18:30	C	Ouderlingverversings
16 Maart	Sondag	12:00	A	Nagmaalete

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Turkstra
BAKKERY
Rooi Windpompsentrum,
Retiefstr. 61, langsaan Chubby Chick Outlet.
Telnr: 018 523 0111

The Views Lifestyle Centre
Klinkenbergstraat, van der Hoffpark
Potchefstroom
Telnr. 087 527 0029
Veilige parkering
ONS BAK MET PASSIE/WE BAKE WITH PASSION

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.

Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch